higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MODETEKENINGE N5

(Eerste vraestel)

(10010525)

27 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye en 3 addenda.

082Q1J2127

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MODETEKENINGE N5
(Eerste vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5.. Werk netjies.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Die parka is die belangrikste kledingstuk van Skotse mans.

1.1.2 Die 'himation' is 'n soort mantel.

1.1.3 Die busssel ('bustle') het die krinolien vervang.

1.1.4 'n Storiebord is 'n voorstelbord ('presentation board').

1.1.5 'n Toga is 'n soort romp wat in Indië gedra word.

1.1.6 'n Hobbelromp is 'n miniromp.

1.1.7 'n Pruikstert ('pigtail') is 'n Rococo-rok met 'n lang sleep.


1.1.8 Die halflaars ('buskin') is 'n sagte leerstewel wat in Griekeland gedra word.

1.1.9 'n Supertuniek is 'n kotardie.

1.1.10 Vlinderhooftooisels was algemeen tydens die Middeleeue.

(10 × 1) (10)

1.2 Bestudeer die prente en beantwoord die vrae.



1.2.1 Gebruik die prente as inspirasie en skets die dames se aanddrag. (6)

1.2.2 Benoem die kledingstuk wat die mans gedra het. (1)

1.2.3 Benoem die kledingstuk wat die vroue gedra het. (1)

1.2.4 Verduidelik hoe die mans se kledingstuk gedra is. (2)

1.2.5 Tydens watter tydperke is die kledingstukke gedra? (1)

1.2.6 Watter toebehore is in hierdie tydperk gedra? (3)

1.2.7 Wat is in hierdie tydperk as grimering gebruik? (2)

Kopiereg voorbehou

1.3 Kies EEN tydperk uit die lys wat pas by elk van die modekenmerke hier onder en skryf slegs die tydperk langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1937; 1970–1979; 1967; 1960–1969; 1950–1959; 1940–1947; 1920; 1000 VC–500 NC; 1500–1000 VC

1.3.1 Lakenrok ('Sheet dress')

1.3.2 Militêre voorkoms

1.3.3 Berette

1.3.4 Toga gebruik as basiese kledingstuk

1.3.5 Kort, knielengte chitons vir mans

1.3.6 Hobbelrompe

1.3.7 Sakdoekrokke

1.3.8 Trapesiumrokke en baadjies

1.3.9 Patiobroeke, klokpypbroeke en heupbroeke

1.3.10 Tentrokke en sjoebroekies

(10 × 1) (10)

1.4 Kies 'n item uit KOLOM B om te pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.7) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Help patroonmaker om ontwerp te analiseer	A	pigtail and Ramillies
1.4.2	Prominente pruik tydens Rococo-tydperk	B	huipil
1.4.3	Kledingstuk gedra deur Spaanse vroue	C	sarafan
1.4.4	Lang Russiiese trapesiumjumper-rok	D	dhoti
1.4.5	Tradisionele Mexikaanse rok	E	production sketch
1.4.6	Tradisionele Arabiese kledingstuk vir mans	F	Thawb
1.4.7	Tradisionele kledingstuk vir Indiese mans	G	Flamenco dress

(7 × 2) (14)

[50]

AFDELING B


VRAAG 2

2.1 Gebruik ADDENDUM A en maak 'n voorstelbord ('presentation board') met die uitrusting in die sketse. Toon slegs die vooraansig. Voltooi die voorstelbord met 'n geskikte agtergrond en gebruik die toebehore wat verskaf is. Hou die vereistes vir 'n goeie voorstelbord in gedagte.



(25)

2.2 Gebruik ADDENDUM B en maak 'n produksietekening van die bloes wat die voor- en agterkant wys. Hou die vereistes vir 'n goeie voorstelbord in gedagte.




(25)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100


Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A



Kopiereg voorbehou

ADDENDUM B



ADDENDUM C

INSTRUKSIES AAN KANDIDATE VIR MODETEKENINGE N5 P2

Gebruik die instruksies hier onder om voor te berei vir MODETEKENINGE N5 P2 wat binnekort geskryf sal word.

1. Gebruik die tema in INSTRUKSIE 6 om vir die vraestel voor te berei.

2. Kandidate mag alle inligting, materiaalmonsters, toebehore, tooiings, tydskriffoto's en ander noodsaaklikhede wat hulle bymekaar gemaak het, in die eksamenlokaal inneem vir die eksamen van vyf uur waarin hulle 'n stel modeborde en -sketse oor die gegewe tema moet voltooi soos dit in die bedryf gedoen word.

4. Kandidate mag nie voltooide modesketse of modeborde in die eksamenlokaal inneem nie. Alle modesketse moet tydens die eksamen van vyf uur voltooi word. Croquis sal verskaf word.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE vrae wat DRIE verskillende sketse of borde oor die aangeduide tema insluit. Die spesifieke sketse sal aan die begin van die eksamen van vyf uur aan die kandidate gegee word.

5. Elke vraag, modebort of stel sketse tel 100 punte vir 'n totaal van 300 punte.

6. Gebruik die tema ‘IN DIE BEGIN’ as inspirasie en ontwerp 'n slenterdragreeks vir dames ('range of ladies' casual wear') wat in Durban ten toon gestel sal word.

   Alle tekeninge en modeborde moet tydens die formele eksamen gedoen word.

   Kandidate moet hul eie tekenvelle en karton verskaf waarop die tekeninge gedoen moet word, asook die kleurmediums. Karton is nodig om die finale modeborde af te rond. Die modeborde moet A3-grootte wees. Kleure moet die reeks komplementeer sodat dit professioneel lyk. Netheid en 'n professionele uitleg is belangrik. Kandidate moet ook genoeg koeverte van A3-grootte saambring waarin die tekeninge ná voltooiing geplaas kan word voordat dit ingegee word.

Kopiereg voorbehou